BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 16 AUGUSTUS 2011 OM 10:20 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdl E Manuel	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl Me S Crafford	[DA]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A De Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdl R Van Rooy	[Cope]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER RAADSLEDE

Rdh J Raats	[DA]
Rdl A Maarman	[ANC]

AMPTENARE

Munisipale Bestuurder / Municipal Manager
Direkteur Administratiewe Dienste (wnd) / Director Administrative Services (acting)
Direkteur Gemeenskapsdienste / Director Community Services
Direkteur Finansiële Dienste / Director Financial Services
Direkteur Tegniese Dienste (wnd) / Director Technical Services (acting)
Senior Klerk : Komiteedienste / Senior Clerk : Committee Services

1. OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME

Raadslid Van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)

- Geen/None

3. VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF SCHEDULES 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)

- Geen/None

4. BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE(S) VAN DIE VORIGE VERGADERING(S) / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING(S) (3/3/1/3)

4.1 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 29 JULIE 2011 / CONFIRMATION OF MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON FRIDAY 29 JULY 2011 (3/3/1/3)

BK 3570 **BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, gehou op Vrydag 29 Julie 2011, bekragtig word.

5. VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)

- Geen/None

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)

- Geen/None

7. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

- Geen/None

8. AFDELING A : UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

8.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

8.1.1 GOEDKEURING VAN BEGROTINGSPROSESPLAN (5/1/1; 15/1/5/5)

BK 3571 **BESLUIT OM AAN TE BEVEEL**

1. Dat die gewysigde prosesplan vir die opstel van die begroting en hersiening van die GOP vir die finansiële jaar 2012/2013 goedgekeur word; en

2. Dat die samestelling van die begrotingsloodskomitee verwys word na die Finansiële Dienste Komitee se vergadering.

8.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS WHICH WERE NOTED

8.2.1 AANSOEK OM ONDERVERDELING : ERF 1555, LAAIPLEK (L 1555)

BK 3572 **BESLUIT**

Dat die aansoek ingevolge artikel 25 van Ordonnansie 15 van 1985 vir die onderverdeling van Erf 1555, Laaiplek (Port Owen) in twee gedeeltes naamlik Gedeelte A (±525m²) en Restant (±582m²), **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat die onderverdeelde gedeelte asook die restant van afsonderlike erftoegange asook water-, riool- en elektrisiteitsaansluitings voorsien word.

8.2.2 AANSOEK OM AFWYKING EN HERSONERING : ERF 650, PIKETBERG (PB 650)

BK 3573 **BESLUIT**

Dat die aansoek ingevolge artikel 15 en 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir vir hersonering van Erf 650, Piketberg vanaf Enkel Residensiële Sone na Algemene Residensiële Sone (Groepsbehuising) ten einde die eienaar in staat te stel om twee (2) groepshuise op die perseel op te rig en afwyking van die soneringskema se vereiste beplanningsbeheer, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:-

1. elk van die groeperwe van afsondelike water-, riool- en elektrisiteitsaansluitings voorsien word;

2. die vereiste twee parkeerplekke per groepshuis duidelik per eenheid aangedui word;

3. ‘n huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 gestig word, welke vereniging ‘n grondwet moet hê wat deur Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur moet word en waarvan verpligte lidmaatskap by wyse van ‘n titelvoorwaarde in die aktes van die opvolgers in titel vervat moet word; en

4. ‘n grondwet deur die huidige eienaar binne twee maande vanaf die goedkeuring van hierdie aansoek ingedien word vir goedkeuring deur Bergrivier Munisipaliteit, waarin die volgende aspekte onder andere aangespreek word:-

4.1 ‘n volledige stel argitektoniese riglyne ten opsigte van die eenhede, gemeenskaplike strukture en omheinings (die implementering van die argitektoniese riglyne sal plaasvind deurdat alle bouplanne eers vir goedkeuring aan die huiseienaarsvereniging voorgelê word alvorens dit by die munisipaliteit ingedien word);

4.2 ‘n duidelike uiteensetting van die huiseienaarsvereniging se werkwyse wat gevolg gaan word ten einde besluite te neem (bv. persentasie stemme benodig ensovoorts) asook geskilbeslegting.

8.2.3 **AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK : ERF 551, PIKETBERG (PB 551)**

BK 3574 BESLUIT

Dat die aansoek kragtens regulasie 9 van die Raad se soneringskema opgestel ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) ontvang ten einde ‘n gedeelte van die bestaande gebou in ‘n drankwinkel te omskep, **goedgekeur** word. Hierdie goedkeuring stel nie die applikant vry van die nakoming van enige ander wetgewing of verordeninge nie.

8.2.4 **AANSOEK OM AFWYKING : ERF 2616, PORTERVILLE (PTV 2616)**

BK 3575 BESLUIT

1. Dat die standardisering van die onderskeie soneringskemaregulasies heroorweeg word; en

2. Dat die item terug verwys word na die Administratiewe Dienste komitee om ‘n ondersoek te loods na die korrekte sonering en wettige registrasie van huidige huiswinkels.

8.2.5 **AANSOEK OM AFWYKING : ERF 2831, PIKETBERG (PB 2831)**

BK 3576 BESLUIT

Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) ontvang vir afwyking ten einde ‘n huiswinkel en vermaaklikheidsplek (speletjiewinkel) op die eiendom te bedryf, **afgekeur** word, omrede:

1. die bedryf van besighede (veral van die voorgestelde aard) in residensiële areas gee aanleiding tot die afbreek aan die karakter wat normaalweg met residensiële areas geassossieer word byvoorbeeld ‘n gebied waar kinders in ‘n veilige omgewing grootgemaak kan word en waarheen werkende mense wegbreek van die besige werksomgewing; en

2. dit is ‘n residensiële area waar inwoners gekoop/beleggings maak vir die residensiële karakter daarvan, en hul regte behoort gerespekteer te word bo regte wat addisioneel versoek word.

8.2.6 **AANSOEK OM AFWYKING : ERF 1162, VELDDRIF (V 1162)**

BK 3577 BESLUIT

Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) om afwyking van die straatboulyn van toepassing op Erf 1162, Velddrif vanaf 4m na 2m ten einde die bestaande motorhuis te akkommodeer, **goedgekeur** word, onderhewig aan die beperkings vervat in die titelakte van die eiendom, die argitektoniese riglyne van Fisherman's Village asook die toepaslike soneringskema regulasies.

8.2.7 **AANSOEK OM AFWYKING EN VERGUNNING : ERF 3027, PIKETBERG (PB 3027)**

BK 3578 BESLUIT

Dat die aansoek ingevolge regulasie 9 van die Raad se Soneringskema asook ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) om vergunning ten einde 'n onderrigplek (bewaarskool) op Erf 3027, Piketberg te bedryf, asook afwyking vanaf die vereiste 10m boulyne na 1m, 2m en 3.5m onderskeidelik en dekking, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:

1. voertuie slegs die straat voor die perseel mag gebruik op 'n stop-en-ry grondslag, en nie vir parkering nie;

2. die bewaarskool nie bedryf mag word sonder 'n geskiktheidsertifikaat vir 'n kinderversorgingsfasiliteit wat deur die Omgewingsgesondheidspraktisyn uitgereik is nie;

3. indien die aansoeker wel 'n geskiktheidsertifikaat ontvang, moet dit aan die raad voorsien word; en

4. die voorstelle gemaak deur Gerry Kuhn Environmental & Hygiene Engineering CC in hul brief gedateer 9 June 2011 uitgevoer word.

8.2.8 **APPLICATION FOR SUBDIVISION : PORTION 1 OF FARM GELUKWAARDS ANNEX NO 200, DIVISION PIKETBERG (FARM 200/1, PB)**

BK 3579 BESLUIT

That the application in terms of section 25 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) for the subdivision of Portion 1 of the Farm Gelukwaards No. 200 into two portions namely Portion A (± 70ha) and Remainder (± 38ha), **be approved**, subject to:

1. the conditions stipulated in the letter referenced *20/9/2/2/7/103* from Department of Agriculture (Provincial) dated 25 March 2011;

2. the conditions stipulated in the letter of consent (Consent No. 46141) from Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (National) referenced *2011_03_0096* dated 9 June 2011; and

3. the conditions stipulated in the letter from the Department of Water Affairs (National) referenced *16/2/7/G100/A/11* dated 20 September 2010.

8.2.9 **AANSOEK OM AFWYKING : ERF 379, AURORA (A 379)**

BK 3580 **BESLUIT**

Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) ontvang vir afwyking ten einde ‘n buiteverbruik drankwinkel op Erf 379, Aurora te vestig, **afgekeur** word, omrede:

1. die bedryf van besighede (veral van die voorgestelde aard) in residensiële areas gee aanleiding tot die afbreek aan die karakter wat normaalweg met residensiële areas geassossieer word byvoorbeeld ‘n gebied waar kinders in ‘n veilige omgewing grootgemaak kan word en waarheen werkende mense wegbreek van die besige werksomgewing;

2. dit is ‘n residensiële area waar inwoners gekoop/beleggings maak vir die residensiële karakter daarvan, en hul regte behoort gerespekteer te word bo regte wat addisioneel versoek word; en

1. die bedryf van ‘n drankwinkel binne die residensiële area gaan bydra tot reeds bestaande sosio-ekonomiese probleme en weens misbruik van alkohol word minderjariges blootgestel aan wangedrag.

8.2.10 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : ADMINISTRATIEWE DIENSTE : JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

KENNIS GENEEM

8.2.11 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 15 MAART 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.12 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 29 MAART 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.13 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 18 APRIL 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.14 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 10 MEI 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.15 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 14 JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.16 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 5 JULIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.17 **BYKOMENDE WATERBRONNE OP PORTERVILLE (16/1/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.18 **PRESTASIEBESTUUR : EVALUERING VIR DIE KWARTAAL : 1 JANUARIE 2011 TOT 31 MAART 2011 (4/7/6)**

BK 3581 BESLUIT

Dat die waarnemende Strategiese Bestuurder toesien dat die finale punt/persentasie ("Actual Overall Performance for the Year") met betrekking tot die kwartaallikse prestasiebestuur van die senior bestuurspan 'n korrekte weerspieëling is van die uitkomste bereik.

8.2.19 **AANSOEK OM BETALING VAN LAASTE LOON EN VERLOFGELDE : WYLE A BASSON (4/5/1)**

BK 3582 BESLUIT

Dat die raad die bedrag van R2 054-59 ten opsigte van wyle Mnr A Basson aan die gemeenregtelike vrou (Me Sofie Van Wiese) oorbetaal.

8.2.20 **RISIKOREGISTER EN ANALISE 2011/2012 (2/B)**

BK 3583 BESLUIT OM AAN TE BEVEEL

1. Dat die raad die Bergrivier Risikoregister, analise en plan 2011/2012 goedkeur; en

2. Dat die raad die risiko gebaseerde Oudit Plan vir 2011/2012 goedkeur.

8.2.21 **BOUPLANNE GOEDGEKEUR (15/4/2/1)**

BK 3584 BESLUIT

1. Dat die Boubeheerbeamptes 'n opsomming voorlê met betrekking tot goedgekeurde bouplanne aan die Tegniese Dienste en Administratiewe Dienste komitee vergaderings; en

2. Dat die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste 'n verslag voorlê met betrekking tot die lewering van 'n diens deur die Boubeheerbeamptes op vaste dae op Redelinghuys, Aurora en Eendekuil.

8.2.22 **KOMMUNIKASIE MET RAADSLEDE (2/4)**

BK 3585 **BESLUIT**

Dat korrekte en ondubbelsinnige korrespondensie aan raadslede uitgestuur word.

8.2.23 **WATER : STAND VAN DAMME IN OPVANGSGEBIED : 6 JUNIE 2011 TOT 4 JULIE 2011 (STAANDE ITEM) (9/1/2,16/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.24 **MAANDVERSLAE : AREABESTUURDERS (STAANDE ITEM) (9/1/2)**

BK 3586 **BESLUIT**

1. Dat die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste 'n dringende skrywe aan Provinsie rig met betrekking tot die opgradering van die Eendekuilpad (vanaf woonbuurt na munisipale kantore); en

2. Dat die moontlikheid ondersoek word met betrekking tot die vestiging van bushaltes op hoofroetes, veral in Porterville area in konsultasie met die Distrikspadingenieur, verwys word na die betrokke wykskomitee.

8.2.25 **BYKOMENDE WATERBRONNE OP PORTERVILLE (STAANDE ITEM) : MOSIE : OPHEFFING VAN MORATORIUM : ONTWIKKELING PORTERVILLE (16/1/1)**

BK 3587 **BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word dat op bestaande onbeboude gedienste erwe ontwikkel mag word, aangesien BK 2980 gedateer 17 November 2009 slegs bepaal dat geen verdere grondverdigting mag plaasvind weens die waterskaarste nie;

2. Dat die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste versoek word om grondgebruikaansoeke op meriete te hanteer met betrekking tot grootmaatdienste, om sodoende te verhoed dat ontwikkeling op Porterville geheel en al stagneer; en

3. Dat die Munisipale Bestuurder punt 1 en 2 met die gemeenskap van Porterville kommunikeer.

8.2.26 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : TEGNIESE DIENSTE (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

KENNIS GENEEM

8.2.27 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 16 MEI 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.28 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 14 JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.29 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 5 JULIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.30 **MAANDVERSLAE : MAART 2011 TOT JULIE 2011 (9/1/2)**

BK 3588 BESLUIT

1. Dat 'n fisiese ondersoek geloods word met betrekking tot waterverliese op Piketberg;

2. Dat die moontlikheid ondersoek word om voorafbetaalde watermeters te installeer by debiteure met hoë agterstallige rekeninge;

3. Dat die moontlikheid ondersoek word met betrekking tot die afskaffing van onderhoude vir laer posvlakke, deur gebruik te maak van die databasis vir tydelike werkers en die indiensnemingsbeleid dienooreenkomstig te wysig; en

4. Dat 'n maandelikse verslag voorgelê word met betrekking tot die volumes herwinbare en vaste afval verwyderings.

8.2.31 **BRANDSTOF (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.32 **KAPITAALVERSLAG (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE SE MAAND-VERSLAG) : MEI 2011 (STAANDE ITEM) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.33 **KAPITAALVERSLAG (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE SE MAAND-VERSLAG) : JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (9/1/2; 15/2/2/25)**

BK 3589 BESLUIT

Dat Asla-Devco 'n voorlegging doen by die maandelikse terreinvergadering met betrekking tot die tydskedules van die Piketberg-behuisingsprojek.

8.2.34 **DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : STRATEGIESE BEPLANNING : 2011/2012 (2/2/3)**

BK 3590 BESLUIT

Dat die strategiese beplanning vir die Tegniese Direktoraat by die volgende vergadering van die Tegniese Dienste komitee voorgelê word vir kennisname.

8.2.35 **ASLA : GROOTMAAT DIENSTE WAT DIE BEHUISINGSPROJEK OP PIKETBERG AFFEKTEER : 2011/2012 FINANSIËLE JAAR (15/2/2/25)**

BK 3591 BESLUIT

Dat bogenoemde items op die Kapitaalbegroting 2011/2012 met 'n totale koste van hoogstens R20 930 119-00 oorgedra word aan Asla Devco (Pty) Ltd vir voltooiing gedurende die 2011/2012 finansiële jaar, onderhewig aan die voorwaardes dat:

1. die voorafverkreë tariewe en botte van Asla deur die Professionele Raadgewende Ingenieurs gekontroleer word en dit skriftelik bevestig word dat die tariewe **markverwant** is, in gevalle waar die konstruksie deur Asla Devco self gedoen word;

2. dat die omvang van elkeen van die gelyste kapitaalitems **afgeskaal** word tot die bedrag begroot, indien die tariewe wat ontvang word meer is as die bedrag begroot en geen bykomende fondse vir die gelyste kapitaalitems gevind kan word nie;

3. dat vooraf skriftelike toestemming deur die Munisipale Bestuurder verkry word vir enige **afwyking** van die goedgekeurde tariewe met dien verstande dat die totale koste nie die begroting oorskry nie;

4. dat Asla Devco detail aan die munisipaliteit verskaf ten opsigte van die bates met waardes wat gedurende die voltooiing van die projekte geskep of aangeskaf word, vir opname in die **Bateregister**; en

5. dat Asla Devco die raad inlig oor die beplande **projekskedules** en dat Asla Devco detail aan die munisipaliteit sal verskaf ten opsigte van die bates met waardes wat gedurende die voltooiing van die projekte geskep of aangeskaf word vir opname in die **Bateregister** vir konstruksie van die projekte.

8.2.36 **GOEDVERWACHT TOERISME : HULP MET ERFENISFEES : 23 TOT 25 SEPTEMBER 2011 (11/2/13)**

BK 3592 BESLUIT

Dat die aansoek van Goedverwacht Toerisme met betrekking tot steun vanaf die munisipaliteit vir hul Erfenisfees vanaf 23 tot 25 September 2011, deur die raad oorweeg word teen die agtergrond van Goedverwacht Toerisme Ontwikkelingsforum, se voortgesette affiliasie by Bergrivier Toerisme Organisasie, na samespreking met die Uitvoerende Burgemeester.

8.2.37 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE : MEI 2011 (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.38 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE : JUNIE 2011 (9/1/2)**

BK 3593 BESLUIT

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die maandelikse afsnylys kontroleer deur te voorkom dat krag gesny word ten opsigte van verbruikers wat reëlings getref het met betrekking tot die afbetaling van hul diensterekeninge; en

2. Dat die Direkteur Finansiële Dienste evaluasie/inspeksie doen met betrekking tot versekeringseise ingedien deur die publiek, alvorens eise toegestaan/uitbetaal word.

8.2.39 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : FINANSIËLE DIENSTE (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

KENNIS GENEEM

8.2.40 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT FINANSIËLE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 16 MEI 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.41 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT FINANSIËLE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 14 JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.42 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT FINANSIËLE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 5 JULIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.43 **WARD COMMITTEE POLICY : DRAFT (3/B; 3/2/1/3)**

BK 3594 RESOLVED TO RECOMMEND

1. That a workshop be held before council approve the attached Ward Committee Policy;

2. That council approve R200-00 per meeting attended per Ward Committee member as per the model for out of pocket expenses, excluding petrol claims;

3. That council approve that only the petrol claims be paid for the committee members at R1.50/km after 5kms; and

4. That the Director Financial Services tables a report on the cost implications regarding Ward Committees.

8.2.44 **ASSURANSIE-EIS : MNR GAJ TRUTER (5/12/2)**

'n Terplaatse inspeksie van die yskas/vrieskas deur Mnr Fritz Kok, Oordbestuurder van Dwarskersbos Vakansieoord, het aan die lig gebring dat daar nog steeds 'n afstootlike reuk in die yskas/vrieskas te bespeur is.

BK 3595 BESLUIT

1. Dat die yskas/vrieskas vervang word teen die bedrag soos vervat in die oorspronklike eis; en

2. Dat slegs 50% van die res van die oorspronklike eis aan Mnr Truter aangebied word, gesien in die lig dat daar geen bewyse ten opsigte van bedrae geëis, voorgelê kan word nie.

8.2.45 **MAANDVERSLAG : PUBLIEKE VEILIGHEID : DIREKTORAAT GEMEENSKAPS-DIENSTE : JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.46 **MAANDVERSLAG : BEHUISING, BIBLIOTEKE, ENSOVOORTS : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (9/1/2)**

BK 3596 BESLUIT

1. Dat die lys van die 151 begunstigdes met betrekking tot aansoek om behuisingsubsidies aan die raadslede voorsien word;

2. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die befondsing vir Biblioteekhulppe (14) tydens die aansuiweringsbegroting 2011/2012 voorlê;

4. Dat die openingseremonie van die Aurora sportgronde plaasvind na afhandeling van die spreiligte; en

5. Dat 'n behuisingtaakspan vir die duur van Asla-Devco se kontrak gevestig word bestaande uit die onderstaande persone/groepe met betrekking tot die identifisering van grond en vestiging van ander behuisingsprojekte, naamlik:

    - Mnr De Waal Burger (Asla-Devco) – vir die duur van hul huidige kontrak
    - Elektriese- en Siviele Ingenieurs
    - Portefeulje Voorsitter : Tegniese Dienste
    - Gemeenskapsdienste komiteelede en Bestuurder : Gemeenskapsdienste
    - Beplanning- en Ontwikkelingsafdeling
    - Betrokke Finansiële Dienste personeel
    - Amptenare van Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings : Tegniese Afdeling

8.2.47 **NOTULE : VELDDRIF TOERISMEBURO : 14 JUNIE 2011 (12/2/3/12)**

KENNIS GENEEM

8.2.48 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 16 MEI 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.49 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 14 JUNIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.50 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 5 JULIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.51 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : GEMEENSKAPS-DIENSTE (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

KENNIS GENEEM

8.2.52 **VERKEER : LEERLING- EN BESTUURDERSLISENSIETOETSE : AANSOEKERS VAN BUITE DIE MUNISIPALE GEBIED (14/1/6/1)**

BK 3597 BESLUIT

Dat besluit BK 2357 gedateer 18 Maart 2008 hiermee herroep word en die volgende reëlings sal geld vanaf 1 September 2011, naamlik:

* dat by alle bestaande leerlinglisensieklasse sewe buite aansoekers uit die klas van 15 mag bespreek;

* dat by alle bestuurderslisensie toetsdae twee buite aansoekers uit die ses toetse geakkommodeer kan word;

* geen ekstra toetse of klasse, soos tans getoets, beskikbaar gestel word nie en geen blokbesprekings toegelaat word nie; en

* dat die Munisipale Bestuurder bovermelde reëlings hierna in heroorweging neem, sodra al die vakante poste gevul is.

8.3 VERSLAE VAN DIE WYKSKOMITEES VIR OORWEGING / REPORTS FROM THE WARD COMMITTEES FOR CONSIDERATION

- Geen / None

8.4 NOTULES VAN DIE VERGADERINGS VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VOORGELÊ VIR KENNISNAME / MINUTES OF THE BID ADJUDICATION COMMITTEE TABLED FOR INFORMATION

- Geen / None

9. AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)

9.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENTATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

9.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS WHICH WERE NOTED

- Geen / None

9.3 NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING / KENNISNAME / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED FOR CONSIDERATION / INFORMATION

- Geen / None

9.4 NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERINGS VIR OORWEGING / KENNISNAME / MINUTES OF THE LOCAL LABOUR FORUM MEETINGS FOR CONSIDERATION / INFORMATION

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:45

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

_____ _____

VOORSITTER ***DATUM***
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)